# Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 14

> *Soos in al die Christelike gemeentes moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om*

*te praat nie. (1 Kor 14:33b-34)*

Paulus skets ’n erediens wat vreemd is aan ons eie ervaring. Daar was destyds nie opgeleide predikante nie (behalwe die apostels en iemand soos Paulus). Die erediens is dus opgemaak deur die spontane deelname van die aanbidders; ’n openbaring, ’n onderwysing, ’n psalm, spreek in tale (vers 26). Paulus reël hier hoe dinge ordelik in die erediens moet verloop en niemand oorvat nie.
Anders as wat baie mense dink, is sy reëling in vers 34 nie ’n algehele verbod op vroue se deelname in die erediens nie. In 11:5 het hy reeds erkenning gegee aan vroue wat in die erediens bid of profeteer; dit was dus nie ongewoon nie. Wat hier ter sprake was, is waarskynlik vroue wat, soos die gebruik by die tempel van Apollo, die profete gepeper het met vrae oor geboorte, beroepe vir hulle kinders, hulle huwelik ens. Die erediens is nie die plek daarvoor nie; dit moet tuis bespreek word, sê Paulus (vers 35).
Ons het hier met ’n baie belangrike beginsel in Skrifverklaring te make: sonder konteks kan ons maklik ’n teks verkeerd verstaan.

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026